

DIE TEOLOGIESE SKOOL TE BURGERSDORP

1869—1905

By 'n eeufees gaan die gedagtes ver terug in die geskiedenis. 'n Eeu is 'n lang tyd. Tog is die geskiedenis van die eeu 'n deel van ons.

Die Teologiese Skool beklee 'n besondere plek in ons geskiedenis, omdat dit so innig met die geloof van ons mense vervleg is. Die oprigting daarvan was vrug van geloof en predikante moes opgelei word met die oog op die welwese van die geloofslewe van die kerke. Geloof en geskiedenis is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Die geloof gryp vas aan feite van die verlede met die oog op die hede en toekoms en daarom is geloof konserwatief van aard. Dit bly in wat jy geleer het (2 Tim. 3 : 14) en bewaar 'n pand (1 Tim. 6 : 20). Wie die geskiedenis minag is op die pad van rewolusie, want die rewolusie wil die geskiedenis vernietig. Die geloof hou egter die band aan die geskiedenis en beweeg in die geskiedenis na die dag in Jesus Christus, die sin van die wêreldgeskiedenis.

Burgersdorp is ryk aan geskiedenis wat gemaak is uit die krag van geloof in God. Daarom is hierdie geskiedenis van onskatbare waarde vir kerk, volk en kultuur.

1. Die krisis in die middel van die vorige eeu

Honderd jaar gelede is die bestaan van die Afrikaner van alle kante bedreig, fisies en geestelik. Op *politieke gebied* was die wordende Boerevolk verdeel in vier state, van binne verswak deur storm en drang en van buite bedreig deur die Britse Imperialisme en inboorlingbarbarisme. Die Kaapkolonie het geworstel met 'n oosgrensprobleem en die Engelse kolos het die septer geswaai en op *kulturele gebied* aggressief met 'n beleid van verengelsing betreklik suksesvol 'n aanslag op die identiteit van die Afrikaner gedoen. Hierdie beleid moes uiteindelik uitloop op die Anglo-Boereoorlog.

Op *kulturele gebied* het die verengelsing sy slagoffers in die Kaapkolonie reeds in die duisende getel. Engels was die enigste amptelike taal. Die Public Schools op die platteland was Engelse staatskole. Die Kaapse kerk het selfs op die verste uithoeke begin met Engelse erediens. Die onderwyswet van 1865 het bepaal dat die onderwys in die staatskole godsdienstig-neutraal moes wees, sodat dr. W. Robertson gevrees het dat hierdie beleid mag lei „to the entire exclusion of the Bible from schools”.¹ Die skoolbeleid was dus vreemd en vyandig teenoor die nasionale, kulturele en godsdienstige identiteit van die Boerevolk. Al meer Afrikaners het skaam geword vir hulle identiteit.

Dit is merkwaardig dat juis die kiesafdeling Albert as vanself opgesteek het om die eie te bewaar. Toe daar 'n verteenwoordigende parlement in 1854 in die lewe geroep is, het die mense doelbewus

'n parlamentslid, wat nie Engels kon praat nie, afgevaardig. Sy opdrag was om elke jaar voor te stel dat hy die belange van die grensboere in Hollands sou voordra. Dit is konsekwent geweier. Maar ewe konsekwent het die Boere van Albert volhard. Dan kan mens verstaan waarom juis op Burgersdorp meer as dertig jaar later 'n Taalmonument gebou sou word om die oorwinning van die stryd vir hulle taal te vier.

In 1868 was daar reeds 'n eersteklas Public School onder Rev. J. Brebner en Mr Oldfield op Burgersdorp waarin 76 seuns onderrig ontvang het. Uit die Colesberg Advertiser² is dit duidelik dat enkele „eenvoudige stomme dopperkinderen” met onderskeiding in die eksamens geslaag het. Die Girls School van Miss Vorster het maar 49 dogters gehad. Wanneer ons dink dat net die Gereformeerde gemeente meer as 900 belydende lidmate getel het, spreek dit van self dat baie min van die „dopperkinderen” in hierdie skole was. Dit was ook elders die geval. Die Public School van Colesberg onder dr. J. Shaw het 71 leerlinge en dieselfde skool van Middelburg onder C. E. Stephans, het 26 kinders gehad, terwyl die N.G. skool op dieselfde plek onder mnr. J. Bennie 70 leerlinge getel het.³

Die magistraat van Colesberg rapporteer in 1865 dat die Boere nie met die Public Schools tevrede was nie, maar private onderwysers in diens geneem het, waarvan hoogstens een uit vyftig bekwaam was om skool te hou. Die meeste onderwysers was „broken-down-men of all sorts and conditions”.⁴ In die Kerkalmanakke van 1872 en 1874 word presies dieselfde beeld geteken.

Die Boere van die Noord-Oostelike Kaapkolonie het hulle identiteit bewaar met 'n tiperende houding van lydelike verset. Dit het nietemin vir hulle 'n groot agterstand op onderwysgebied meegebring.

Elders⁵ het ek probeer aantoon dat voor 1859 die naam „Dopper” toegeken was aan al die tipiese Boere in die Noordoostelike Kaapkolonie en Suid-Vrystaat. Die Engelse amptenary en „verligte” Afrikaners rondom Kaapstad het hulle in skerp taal as bekrompe bespot en verkleineer vanweë hulle on-Engelse voorkoms en houding. Tog was hierdie mense in hulle konserwatisme hoegenaamd nie anti-Engels nie. Hulle was anti-modern en Gereformeerd in die ruimste sin van die woord, patriargaal-georganiseerde familiegroepe onder gesag van die vader; 'n besonder ordeliewende gemeenskap, waar elke huisvader op sy plaas predikant, magistraat, onderwyser, poliesman en dikwels selfs dokter was. Dit was mense wat vir hulleself kon sorg, taai soos die natuur rondom hulle. Hulle het op grond van die Bybel die Engelse owerheid gerespekteer. Maar hulle het hulle lydelik verweer teen alles wat aan hulle godsdiens, nasionaliteit en kultuur vreemd was. Hulle karakter is bepaal deur hulle geloof in die soewereine God en bykans kinderlike en blinde gehoorsaamheid aan die een groot Boek in die huis, die Woord van God.

Op sosiale gebied het die mense met dieselfde lydelike verset volhard teen die filantropiese en gemoedelike liberalisme wat integrasie as die enigste resultaat van sending gesien het. Die Sinode van die Kaapse Kerk in 1857 moes afsonderlike gemeentes vir blank en nie-blank toelaat op grond van die weerstand van die

ouderlinge van Burgersdorp, Colesberg, Middelburg en 'n paar ander. Hierdie standpunt van afsonderlike kerklike ontwikkeling het dié Sinode toegeskryf aan „die swakheid van sommige” om die konsekwensies van die evangelie te aanvaar. Van die liberale gelykskakeleingsbeleid, die uitwissing van Godgegewe roepinge en identiteite, in staat, kerk, skool en maatskappy, wou hulle niks weet nie.

Op kerklike terrein het die Gereformeerdes hulle in 1860 op Roosterhoek aangesluit by die Gereformeerde Kerkverband wat toe reeds in Transvaal en die O.V.S. bestaan het. Die lydelike verset teen die nuwigheide en gees van die negentiende eeu was toe reeds sedert 1841 in die Ring van Graaff Reinet bekend, waar hulle konserwatisme hulle die naam van styfhoofdiges en verskeurders van die liggaam van Christus amptelik op die hals gehaal het.

In die Gereformeerde Kerkverband het Afrikaners uit die Kaapkolonie op grond van geloofsoortuiging uit eie beweging verenig met Afrikaners in Transvaal en die O.V.S., asof Suid-Afrika toe reeds die land van een volk was. Die stryd om die eie te bewaar teen die „verligte” aanslag van die 19e eeu het Gereformeerdes van Albert geestelik gekonsolideer met geesgenote in die Noorde, 'n magtige faktor in die verdere volkswording teenoor die heersende politieke, kulturele en maatskaplike versplintering.

Die omvang en krag van die liberale gety in Kaapse Afrikanergeledere binne die Ned. Geref. Kerk is treffend aangedui deur prof. T. Hanekom in sy „*Die Liberale Rigting in Suid-Afrika*”. Die kloof tussen die liberale modernisme en die meer Skots-evangeliese rigting het verbreed deurdat die moderne rigting meer Hollands en die evangeliese meer Engels gerig was. Laasgenoemde was met sy metodistiese inslag vir die konserwatiewe vreemd. Die moderne of liberale rigting was vreemd vanweë sy verwerping van die gesag van die Bybel, Belydenisskrifte en die kerklike erfenis, sodra dit nie ooreenstem met die rede van die „geleerde” individu nie.

Dit is merkwaardig dat die Gereformeerde Kerk te Reddersburg in 'n brief op 14 Januarie 1860 aan prof. H. de Cock in Nederland laat weet dat hulle blote kerkbestaan nie genoegsaam waarborg bied teen die mag van ongeloof in die Liberalisme nie. Hulle sê dat hulle geen koste sal ontsien vir onderwys nie, omdat die jeug toegerus moet word om teen die aanslag staande te bly.

Waar die Groot Trek 'n reaksie teen vorme van die Liberalisme was, is die O.V.S. en Transvaal as sodanig nie tot dieselfde mate as die Kaapkolonie bedreig nie. In Transvaal was egter teen 1859 net een Hervormde predikant en een onderwyser. Die O.V.S. het die neutrale staatsonderwysbeleid van die Kaapkolonie gevolg. Transvaal was destyds nog 'n onrustige, verdeelde en russoekende Vortrekkergemeenskap met 'n ontsaglike behoefte aan geestelike opvoeding en toerusting vir hulle roeping op die voorposte van Suid-Afrika. Kortom, die Gereformeerde erfenis is in die Kaapkolonie deur die gevestigde en in die jong Republieke deur die onbemande en ongevestigde instellings bedreig.

2. Die helpende hand uit Nederland in hierdie krisis

Dit is 'n opmerkbare feit dat die Gereformeerdes in Suid-Afrika in hulle isolasie niks van die reaksie teen die Liberalisme in Nederland onder leiding van ds. H. de Cock in 1834 geweet het nie. Hulle het nooit probeer om 'n Nederlandse afskeiding na te speel nie. Die Nederlandse geskiedenis illustreer egter hoe onverdraagsaam, vyandig en gewelddadig die Liberalisme onder die kreet van verdraagsaamheid teenoor diegene kon optree wat konserwatief bly kleef het aan die Hervorming van meer as twee eeue gelede. Die Nederlandse Staatsuniversiteite was deurdrenk met die Liberalisme. Gevolglik het die Christelike Gereformeerde Kerk begin om sy predikante aan huise van predikante op te lei. So het beide di. D. Postma en J. Beijer by ds. T. F. de Haan opleiding ontvang. Die Sinodes het in 1849 en 1854 oorgegaan om 'n eie kerklike Teologiese Skool te Kampen op te rig. Hierdie kerklike opleiding van predikante was 'n eie bydrae van die reformasie van die 19e eeu tot die breër reformatoriese erfenis uit die 16e eeu. Dié voorbeeld kon ds. Postma ook in Suid-Afrika voorhou.

Die nood van Transvaal aan predikante en onderwysers is deur oudl. J. van Andel, goeie koopman van 's Hertogenbosch onder aandag van die Sinode in 1857 gebring. In sy plan om hulp te verleen het hy selfs aan emigrasie en handel gedink en wou 'n ouderling as Konsul op koste van die Nederlandse Regering probeer saamstuur. Die Christelike Gereformeerde Kerk en ds. Postma was egter in die geestelike behoeftes geïnteresseerd. Hulle wou die hele Transvaal, hulle „stamverwante“, hierdie hulp bied. Postma skryf na sy aankoms: „Wij bedoelen en zoeken: De opbouwing en uitbreiding van Gods Koninkrijk in echt Gereformeerden en Christelijken zin“. Aan ds. Andrew Murray en pres. Pretorius skryf hy dat hy kom praat oor „hoe onze Kerk U lieden in Uwen godsdienstige toestand of ook in die onderwijzing der jeugd zoude kunnen te hulp komen...“

Dat Postma Januarie 1859 tydens die vergadering van die Hervormde Staatskerk en Uitvoerende Raad op die kerklik-beswaarde Gereformeerdes aangewys is, is te wyte aan 'n misverstand van of onverskilligheid teenoor Postma se werklike sending by die Transvaalse President en Uitvoerende Raad en te wyte aan die feit dat ds. Van der Hoff geen simpatie met die Christelike Gereformeerde Kerk, wat Postma gestuur het, gehad het nie. Die saak van onderwys-hulp het geen aandag geniet nie.

Toe Postma in Februarie 1859 by die afskeiding van 'n Gereformeerde Kerk te Rustenburg betrokke raak, het sy kerk in Nederland gevoel dat hulle sending met Postma nie geslaag het nie. Hulle het die Transvaal-situasie nie begryp nie. Gevolglik het die uitgestrekte hand van hulp aan Transvaal slap geval en slegs ds. Johannes Beijer het in 1862 as predikant van Reddersburg uit Nederland gekom. Al die beroepe van Burgersdorp op Nederlandse predikante het op dowe ore geval. Daar het egter wel 'n paar onderwysers uit Nederland gekom ('n paar het later in Suid-Afrika predikante

geword), naamlik Leop. Maury, Johs. de Ridder, J. C. van Rooy en J. Styger.

Hierdie feit was natuurlik 'n groot teleurstelling vir di. Postma en Beijer wat van Soutpansberg in die Noorde tot Middelburg, Kaap, in die Suide 'n ontsaglike bedieningslas moes tors. Hulle het egter as gelowiges nie moedeloos gaan neersit of weggehardloop nie. Hulle het hulle lot in roepingsbewustheid ingewerp by die Gereformeerde kerkvolk wat in die harde Afrikaanse pionierskool gewoond was om God se Hand in die gebeurtenisse, ook in die beproewinge, gelowig te lees.

Die kerkraad van Burgersdorp sê op 15 Julie 1864 dat hulle insien dat hulle traag uit die buiteland gehelp sou word. Hulle pleit dat uitgekyk moet word na manne met natuurlike begaafdheid en godsaligheid om as predikante opgelei te word want „Gods weg is voor ons veiliger. God wil zich misschien ook in Afrika verheerlijken door zijn eigen werk . . .” Ds. Beijer skryf ook op 29 November 1864 aan die kerkrade in die Kaapkolonie dat hulle hulle moet inspan om „aankomende Leeraren in dit land” te verkry, want miskien is dit „de weg welke de Heere voor Zijne Kerke in Zuid Afrika wil zegen . . . hoe nietig en gering zij ook schijnen moge . . .”

As ons soos hulle let op God se werk, kan ons die gebrekkige voorsiening uit Nederland nie betreur of verwyf nie. Die Here het in manne soos Postma en Beijer net genoeg hulp uit Nederland voorsien om die latente en sluimerende daadkrag en gawes in die eenvoudige Gereformeerde kerkvolk te stimuleer en te stuur. Hierdie kerkvolk moes egter self met die krag van geloof in beweging kom en groeipyne, moeilikhede en swakhede te bowe kom. Die dinge is op die weg geplaas om in die krag van die Here oorwin te word. Die Gereformeerdes moes uit hulle klein getalle, sonder enige steun van die staat, d.w.s. uit hulle karige arsenele, die middele en die mense voorsien vir 'n eie skool — of verdwyn. Met hierdie selfwerkzaamheid, slegs onder leiding van 'n paar Nederlanders, het die Here verhollandsing van die Geref. Kerk in Suid-Afrika verhoed. Die Here het 'n ontwikkeling veroorsaak wat uitloop op die stigting van 'n Teologiese Skool wat eie sou wees aan die godsdienstige, kulturele en historiese bodem van die wordende Afrikaanse volk en Gereformeerde kerkverband. Die paar Nederlandse predikante kon geen „rigting” indra nie. Die Gereformeerde kerklike lewe sou dus nie op Hollandse model nie, maar op eie Afrikaans-Gereformeerde lees geskoei word, omdat die Here vir die kerkvolk 'n eie inheemse roeping in Suid-Afrika gehad het. Ons kan dus vandag oor 'n eeu heenkyk sonder om enige mens te verheerlik en Psalm 115 : 1 op die lippe neem: „*Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil*”.

3. Die onmiddellike voorgeskiedenis van die Teologiese Skool te Burgersdorp 1863—1869

Aan die vooraand van die tweede Sinode te Rustenburg 1863, was ds. Postma die enigste predikant vir die gemeente Rustenburg

en vir dié van Potchefstroom, Pretoria, Waterberg, Soutpansberg en Lydenburg in die Zuid-Afrikaanse Republiek, wat in 1863 afgestig is. In dieselfde jaar is Bethulie afgestig, sodat ds. Beijer die enigste predikant vir die kerke in die O.V.S. was. As konsulent moes hy ook vier kerke, naamlik Burgersdorp (1860), Middelburg (1860), Colesberg (1860) en Philipstown (1863) bedien. In 1864 volg die afstigting van Ventersburg (O.V.S.) en Aliwal-Noord. Destyds het die kerke afgestig wanneer hulle bereid was om 'n predikant te beroep. So vroeg as 1864 was daar reeds twaalf kerke, terwyl die een na die ander beroep op predikante in Nederland misluk het.

Hierdie ontsaglike nood aan predikante, wat jaarliks groter geword het, het die gedagte aan 'n Teologiese Skool na vore gedwing. Postma het reeds op 10 Februarie 1859⁹ neergelê dat predikante predikante moet oplei, maar so lank as 'n eie Teologiese Skool buite die kwessie was, sou die kerke staat maak op „wilvertroude scholen buitenlands”. Die kerk van Burgersdorp het derhalwe deur middel van 'n Kommissie in die Christelike Gereformeerde Kerk beroep. Tog het juis hierdie kerkraad al op die eerste Sinode gevra dat aandag gegee moet word aan die oprigting van 'n eie Teologiese Skool.

Die openbare pers was dadelik beïndruk en sê dat die gedagte van 'n „kweekschool te Colesberg of Burgersdorp is een stap waarin wij ons ongeveinsd verblijden nu het eenmaal met de Afscheiding zoo is”. Hulle juig selfs die keuse van 'n plattelandse dorp toe omdat hierdie invloede „gewisselijk meer bijdragen tot hunne vorming dan de omgang met de kringen binnen welke hun leven in Holland beperkt zoude worden en de toekomst dezer gemeente zal daardoor des te eerder eenen echt Afrikaanschen stempel dragen...”

Die opleiding van Afrikaanse seuns in Holland was destyds buite die kwessie, omdat feitlik niemand van hulle basiese skoolonderrig gehad het nie. Daarbenewens was daar natuurlik nog die vraag wie so 'n duur opleiding sou bekostig. Die mense en die kerke was daar te arm voor.

Toe die kerkraad van Reddersburg die tweede Sinode van 1863 versoek om die oprigting van 'n Skool te oorweeg, het ds. Postma dadelik gewys dat hulle nie op regeringsteun moet reken nie sodat hulle van „vreemde invloede” vry kon bly. Hy hou aan die Sinode die voorbeeld van profete- en apostelskole voor en wys veral op die opleiding wat Paulus aan Timotheus en Titus gegee het. Gevolglik versoek die Sinode die twee predikante om elkeen aan huis met opleiding te begin sodat die kerkverband „haar eigen element beware en bevordere”, terwyl die ouderlinge ondertussen in die kerke moet katkiseer.

Tog het daar nie dadelik gang gekom nie. In Transvaal was nog verlammeende politieke partyskappe en twiste. Die O.V.S. is deur oorloë met die Basoetos lamgelê en in die Kaapkolonie was geen predikant nie. Ondertussen was daar die steeds tanende verwagting dat iemand uit Nederland hom tog oor die predikantlose kerke sou erbarm. Die spanning van groeiende teleurstelling het die latente kragte laat oplaai en teen die middel van 1864 breek

dit eenvoudig deur al die hindernisse heen.

Ds. Beijer het gereël dat ds. Postma vir 'n kwartaal teen die middel van 1864 na die Kaapkolonie sou kom. Hy het self begin om Sarel Venter (Kaalspruit), Sarel Venter (Mosterdhoek), diaken A. de K. Coetsee en 'n ouerige Sarel van der Walt, op te lei en uitgevind hoe moeilik dit was om mense sonder enige basiese skoolonderrig selfs maar die verskil tussen vokale en konsonante tuis te bring. Ds. Postma maak op 17.1.1865 in 'n brief aan ds. Huet van dieselfde feit melding en hy voel ook aan hoe bitter swaar dit vir die studente moes gewees het!

Ds. Postma het aan die begin van 1864 'n gemoedskrisis beleef as gevolg van frustrasie. Op 2 April 1864 het hy die kerkraad en gemeente van Rustenburg ontmoet en hulle gewys op sy opregte voorname om hulle tot 'n „geleerd, beschaafd en vroom Christendom” te vorm. Die gemeente het egter weinig oor vir „behoorlijk Schoolonderwijs” en wil hulle kinders binne ses maande volleerd hê. Hulle kom swak kerk toe en hou die kinders van die katkisasie weg. Ondertussen is hulle lief om te sê: „Die Hollander! Die Engelsman! Die rondloper!” Waarom sê hulle nie ook „Die Afrikaner” nie? Hulle moet eenvoudig weet hulle het die hulp uit Europa nodig, want slegs deur „onderwijs en opvoeding kunnen wij menschen worden”.

Postma het hierdie skok toegedien op die moment toe kmdt. Paul Kruger, P. Venter en J. Heystek 'n skool op Kruger se plaas Waterkloof, met 'n goedopgeleide Nederlander, N. J. R. Swart, die vorige maand begin het. Die skoolkomitee het gewaarborg dat alle onderwys „overeenkomstig de Gereformeerde Belydenis” gegee sou word. Die kerkraad en gemeente het van harte beterskap belowe en Postma het hulle gewys op die skool by Kruger en dié by F. Eloff. Hy sou na sy terugkeer uit die Kaapkolonie kyk wat hulle uitgerig het.

Terwyl hy die Kaapkolonie besoek, skryf die kerkraad van Rustenburg by monde van J. F. Robbertse en N. J. R. Swart aan Postma dat hulle begeer dat hy op die dorp 'n kweekskool moet inrig „waarin onze jeugd tot leeraars, ambtenaaren en nuttige leden der maatschappij kunnen opgeleid worden” en hulle begeer Postma as eerste professor. Oudl. P. J. W. Schutte was op 30 Julie self uit Potchefstroom op Rustenburg aanwesig om sy „stem te geven tot het oprigten der kweekschool en het beroep van U Eerw. als Professor; ik dank den Heer voor dit begin”.

Dit was dan ook inderdaad die begin van georganiseerde opleiding, want teen die einde van die jaar, is die skool van Waterkloof na Rustenburg verskuif en onder direkte beheer van die kerkraad geplaas. Swart was as onderwyser Postma behulpsaam, terwyl hy self ook aansoek gedoen het om as predikant opgelei te word. Die Transvaalse Regering en die Landdros van Rustenburg was grootliks verheug en het £100 per jaar, twaalf erwe en morele steun toegesê aan die skool wat vir die ongevormde Transvaalse Republiek so veel kon beteken. Hierdie skool sou oop wees vir ingeen wat hom aan die reëls van die kerkraad onderwerp; sou

so gou doenlik alle vakke aanbied en een periode per dag wy aan onderrig in Hollands en in Engels.”

In Reddersburg is ondertussen ’n skool begin met J. Styger as onderwyser met die oogmerk „de kinderen door eene echt Christelike Opvoeding in de vreeze des Heeren op te leiden en alzoo door deugdelijk onderwijs hen te vormen tot nuttige en getrouwe leden der maatschappij”. Die regering van die O.V.S. was nie bereid om die skool te subsidieer nie, omdat dit ’n kerkskool en nie ’n staatskool was nie.¹³

Hierdie skole op Rustenburg en Reddersburg, die standplase van die enigste twee predikante, toon die behoefte aan basiese skoolonderrig vir die jeug. Daar moes skole vir die kinders gestig word, en daarvoor moes onderwysers opgelei word. Hoewel nood aan predikante en ’n Teologiese Skool prominent na vore tree, bring dit dadelik ook die hele skoolvraagstuk na vore. ’n Teologiese student moes ook immers eers skoolgegaan het en daarvoor was onderwysers en skole nodig.

Die herderlose kerke in die Kaapkolonie het Postma se besoek in 1864 opgeraap en die idee van ’n Teologiese Skool na vore gedwing. Hulle kon makliker op hierdie hoofsaak afstuur, omdat daar onder hulle minstens gevestigde skole, al was dit Engelse staatskole, was.

Reeds op 18 Julie 1864 beroep die kerkraad en ’n aantal gemeentelede onder leiding van oudl. H. J. J. Kruger van Plankfontein vir Postma om te Burgersdorp die opleiding ter hand te neem. Hulle motiveer hulle beroep met die bewering dat die Kaapkolonie beter as die Republiek hom vir die opleiding leen en wys in die eerste plek op die „vrijheid en stelheid onder de britsche regeering” teenoor die ongestadige politiek in Transvaal. Tweedens wys hulle op die „meer bemiddelde” posisie van die kerke in die Kolonie. Postma het ’n week later die kerkraad en gemeente gevra of hulle bereid sou wees om boere wat hulle goed geken het, as predikante te aanvaar. Hierdie vraag toon dat daar by Postma ’n mate van huiwering was om volgens die besluit van die Sinode van 1863 ongeleerde mense ooreenkomstig art. 8 Kerkorde as predikante toe te laat. Toe Postma die Gereformeerde beginsel stel dat wetenskaplike opleiding nie ’n noodsaaklike vereiste vir die predikant is nie, het die Colesberg Advertiser hom dit kwalik geneem en gesê: „De kracht eener natie, gewest, ja zelfs van een Kerkgenootschap word gevonden in de Scholen die daartoe behooren...”¹⁴ Postma was egter reg, want ’n wetenskaplike teoloog is nie noodwendig ’n predikant nie, terwyl ’n Goddelike en daarna kerklike roeping ’n predikant maak. Daarom stel art. 8 Kerkorde ook besondere eise aan die ongestudeerdes wat as predikante toegelaat mag word.

Tydens sy besoek aan die Kaapkolonie is daar hartgrondig erns gemaak met die vraag: Waar moet die eerste kandidate gevind word? Die kerkraad van Burgersdorp het die aandag gevestig op hulle geestelike leier, oudl. H. J. J. Kruger van Plankfontein, wie egter nie sy weg oopgesien het nie. Hulle het ook gewys op P. J. Viljoen

van Olyfenbosch, 'n eertydse ouderling van die Ned. Geref. Kerk, wat hom met besondere beginselinsig kort te vore by die gemeente aangesluit het. Ds. M. P. A. Coetsee, sr., destyds ouderling in Lydenburg, beskryf in 1899 hoe 'n kommissie hom, as 'n begaafde wat in die gemeente opgemerk is, gekonfronteer het met die nood in die kerke aan predikante en watter intense worsteling mense soos hy deurgemaak het. By die waardering vir gawes van die Here in predikante en dosente, mag ons nie vergeet wat Hy gegee het in manne op gevorderde leeftyd, wat hulle boerderye en gevestigde lewe vaarwel gesê het om in krisisjare met hulle gawes, maar ook met hulle groot agterstand, 'n jong kerkverband in sy nood te hulp te kom nie. Dit is mooi voorbeelde uit die verlede toe mense nog kinderlik voor die roeping van die Here gebuig het, sonder om die prys of offer in geld te bereken — dae toe predikantwees nog „roeping” en nie „beroep” was nie.

Die vrug van ds. Postma se besoek aan die gemeentes in die Kaapkolonie was dat hy met P. J. Viljoen (eerste predikant van Colesberg) en 'n paar jonger manne na Rustenburg teruggekeer het. Uit Lydenburg het oudl. M. P. A. Coetsee (bevestig Middelburg, 1869), gekom. In Oktober 1865 is die studente-geledere versterk toe Jan Lion Cachet, 'n onderwyser, katekiseermeester en oefenaar uit Nederland en 'n broer van die Ned. Geref. predikant, Frans Lion Cachet, hom vir opleiding aangemeld het. Saam met N. J. R. Swart, die onderwyser op Rustenburg, het Postma dus in 1865 die nukleus van 'n Teologiese Skool rondom hom gehad.

Die Kaapkolonie het egter in 1864 pertinent na vore getree in sy aanspraak op die Teologiese Skool. Weliswaar het Postma die beroepe van Burgersdorp, Aliwal-Noord, Middelburg en Colesberg, om in die Kaapkolonie met die oog op die opleiding van predikante werksaam te wees, bedank, omdat sy roeping aan Rustenburg hom gebind het. Hy het egter laat blyk dat hy op versoek van die volgende Sinode anders sou kon oordeel. Verder het hy hulle aangeraai om die saak na die Sinode van 1866 te bring. Burgersdorp was egter so gedetermineerd dat hulle op 20 Augustus in hulle Afskeids- en Dankadres hulle beroep herhaal het „met de oog op een school voor de Kerk in het algemeen” Hulle kom dan ook reeds met die plan na vore om twee predikante te onderhou, sodat die kerklike bediening sowel as die opleiding kan voortgaan. Die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie het ds. Beyer van Reddersburg dan ook as tweede predikant beroep. Hy het op 29 September egter bedank, omdat hy homself nie geskik geag het nie, die beroep van die Sinode moes uitgaan, die koste nog nie behoorlik bereken is nie en die bediening in die O.V.S. en Transvaal daaronder sou ly.

Nogtans straal uit hierdie volhardende heroepsdrang van die kerke in die Kaapkolonie, selfs teen die wil en advies van die paar predikante in, 'n roepingsbewustheid, 'n offervaardigheid en self-werksaamheid. Die kerkrade en lidmate het in die geloof gedoen wat hulle hand gevind het om te doen. Dit het vir hulle gegaan om 'n skool, nie ter wille van die skool nie, maar enkel en alleen met

die oog op die voorsiening van die gelowige behoefte aan die diens van die Woord.

In November 1865 het oudl. H. J. J. Kruger aan ds. Postma geskryf dat hulle nou sonder om die rug op die kerk in Nederland te keer, finaal afgesien het van die idee om daarvandaan 'n predikant te verkry en hulle hoop dat hulle Postma sal kan bekom. In Desember 1865 het Postma aan die kerk van Burgersdorp laat weet dat hy, in afwagting van die Sinode van 1866, besluit het om in belang van die kerkverband, die beroep daarheen op te volg. Hy bring ook die nuus aan die kerke in Transvaal. Dit was vir die kerke in die jong land, 'n verpletterende slag. Hulle het petisie op petisie ingedien en gewys op die ontsettende „gemis voor land en kerk, voor ouderdom en jeugd, school en Catechisatie . . .” Tog word 'n mens getref deur die toon van berusting in die leiding van die Here wat deur die smart en trane heen skemer.

Dit het dus voor die Sinode van 1866 reeds vasgestaan dat die skool van Rustenburg na Burgersdorp oorgeplaas sou word.

Die Sinode van Reddersburg in Mei 1866 was epogmakend. Postma het andermaal gewys op die voorbeeld van die profeteskolle, van Christus se dissipels en die apostels. Hy het gewys op die Christelike Gereformeerde Kerk, waarvan hy self 'n produk was, wat „zonder Akademiese opleiding, door Gods Geest is gebouwd en uitgebreid geworden, vóór zij nog eene eigene algemene Theologische School had”. Op grond van die behoefte bring hy sy eerste student, vir eksaminering, N. J. R. Swart, 'n onderlegde onderwyser wat onder beroep na Pretoria staan. Ds. Beijer het drie kandidate aangebied, waarvan slegs S. D. Venter toegelaat word. Die Sinode versoek die twee leraars om met die opleiding voort te gaan, totdat 'n „algemeene Theologische School” opgerig kon word. Daarbenewens is 'n Sinodale Kommissie benoem om moontlike kandidate te eksamineer. Ek vind dit tog jammer dat hierdie Sinode nie besluit het om voorlopig aankomende studente by beide predikante sekere kursusse te laat volg nie. Sodoende kon m.i. 'n beter verstandhouding tussen di. Postma en Beijer oor studente gehandhaaf word. Die behoefte aan predikante was groot en tog was die eksaminering baie streng. Daaruit het Beijer 'n indruk gekry dat daar teen sy studente gediskrimineer word.

Nietemin moet onthou word dat Postma in 1866 predikant van Burgersdorp geword het en dus vir die bediening van die kerke in die Kaapkolonie verantwoordelik was. Sy seuns Petrus en Marthinus het destyds by hom gestudeer. Petrus herinner hom later: „Mijn vader heeft ons grootendeels de Latijnsche grammatica op den wagen en 's avonds in de tent op zijne lange consulentsreizen onderwezen . . .”

In Noordoos-Kaapland het die preke van Teologiese kandidate Viljoen, Coetsee en Lion Cachet op Middelburg in 1867 en die eertydse Colesbergseun, S. D. Venter, op Colesberg en Philipstown, baie aandag geniet. Baie mense het skepties gaan luister, maar die oorwegende indruk wat buitestaanders gekry het, was een van bewondering vir wat die jong kerkverband bereik het. Die redakteur van

die Colesberg Advertiser" weerspieël seker hierdie onpartydige oordeel die beste: „The question as to a man's belonging to the State or 'Afgescheidene' Church, his being a Dopper or non-Dopper... wearing a jacket or a sourtout, is we think, one of secondary importance. If he preach Scriptural truth... and raise his people in piety and morality, all is well... There is something more than education wanted to make a minister. If Mr Venter, a few years ago, held the plough or tended sheep, he is not on that account a less efficient minister of the Gospel... You cannot make a minister as you can an engineer, and even engineers are not always college men... It will also offer some satisfaction to the elder or mother Dutch Church to find that the first offshoot from her body is likely to become a vigorous and fruit-bearing branch and to be of use to them in stemming the tide of unbelief which is now so rapidly setting in... It is not now the time to continue 'the cry 'Can any good come out of Nazareth... ' a shepherd with his sling may be of some use in the conflict”.

Dit is dan ook ten volle verantwoord om te beweer dat die klompie Gereformeerde predikante en onderwysers uit die Skool op Burgersdorp en daarna die manne uit die Teologiese Skool en Universiteit op Potchefstroom op verskillende terreine van die wetenskap en volkslewe 'n bolwerk gevorm het teen die liberale gety van die 19e eeu. Hulle was skoktroepe vir die tradisionele Gereformeerde-nasionale karakter van die Afrikaanse volk en het dit sodanig in ere herstel dat die hele Afrikaanse volk vandag daarop trots is.

Die besluit van die Sinode van 1869 om op voorstel van die kerkraad van Burgersdorp 'n tweede predikant by ds. Postma te bekostig — 'n finansiële las wat nofsaaklik op die kerke in die Kaapkolonie gedruk het — span die kroon op 'n moedige geloofsdaad en vorm die beginpunt van 'n grootser ontwikkeling onder die bestel van die Here. Die Sinode het die kweekskool op Burgersdorp so ingerig dat daar nie alleen predikante nie, maar ook onderwysers opgelei kan word, „ja, dat ook jongelieden, zonder een bestemd doel te hebben, gelegenheid gegee word, naar hunne vatbaarheid gebruik van de school te maken...” Rustenburg sou andermaal hulle predikant, ds. Jan Lion Cachet, na Burgersdorp moes laat gaan om die Skool saam met Postma te floteer.

Tog kan 'n mens jou moeilik die gewaarwordinge indink wat 'n eeu gelede in Burgersdorp geheers het toe die Teologiese Skool oor die dae van 26 tot 29 November 1869 feestelik geopen is. Die winkelier, Otto Peters, wat vir die eerste diens van Postma op Burgersdorp sy pakhuis aangebied het, was 'n eregas. Maar ook oudl. P. J. W. Schutte, van Potchefstroom, wat so graag die Skool op Rustenburg gesien het, was teenwoordig. Hy het met aandoening gespreek van die dag op 13 Januarie 1859 toe dertien „wenende lieden” op Pretoria uit die Hervormde Kerkvergadering op beginselgronde eenkant toe moes staan — en nou het die Here hulle tot hiertoe gehelp! Hierdie dieperliggende kerklike en geloofseenheid, waardeur Transvaalse Gereformeerdes 'n skool in die Kaapkolonie as hulle eie kon aanvaar, was 'n magtige faktor in die volkswording

op 'n tydstip toe die Afrikaanse volk kunsmatig in verskillende state opgedeel was. Tereg wys ds. Ph. Snyman van Heidelberg in 1893 dat min Transvalers van die Skool op Burgersdorp gebruik kon maak, omdat dit so ver was.¹⁸ Die studente en geld moes hoofsaaklik uit Kaapland kom, want in 1869 het die kerke in die Kolonie so veel lidmate gehad as dié van die Transvaal en O.V.S. tesame. Maar so is uit die Kaapland Gereformeerde manne gestoot om tot in die verre Noorde van Transvaal te gaan dien en arbei. As student in Potchefstroom het dit my opgeval hoeveel marne daar uit Kaapland gekom het en onder hulle was vir kerk en volk onvergeetlike name soos dié van Totius, F. Postma, J. C. van Rooy, J. V. Coetsee, e.a.

4. Die Burgersdorpse tydperk van die Teologiese Skool 1869—1905

Die oprigters van die Teologiese Skool, predikante en ouderlinge op die Sinode van 1869, was praktiese mense. Hulle wou 'n skool vir hulle behoeftes gehad het. Gevolglik het hulle nie met 'n stel teoretiese standaarde begin waarby die studentemateriaal moes aanpas nie, maar die skool het by die mensmateriaal aangepas. In die gegewe omstandighede het hulle geen beswaar gesien om ook onderwysers en selfs andere aan die Teologiese Skool te vorm nie. Die naam „Teologiese” het vir hulle nie 'n akademiese nie, maar Gereformeerd-kerklike betekenis gehad.

Tereg sê ds. M. P. A. Coetsee jr. op 12 Julie 1890 dat in die buitengewone omstandighede op abnormale wyse voorsiening gemaak moes word en verwerp hy die onsimpatieke kritiek dat hierdie Dopperskool anti-wetenskaplik wou wees. Dit was die strewe om die standaard van die opleiding steeds te verhoog.

Van die begin in Rustenburg af is Postma deur opgeleide onderwysers soos Swart en Cachet ter syde gestaan. Die Skool het dus van die begin af 'n voorbereidende vorming aan die teologiese studente laat voorafgaan. Hierdie voorbereidende opleiding kon ook ander jongmense gebruik.

So vroeg as 1873 gee ds. Postma aan die Sinode ter oorweging „Zoo lang de Synode nog niet bij machte is zelve een voldoende voorbereidende school daar te stellen”, moet aspirant studente minstens 'n sertifikaat van die Kaapse tweede klas eksamen vertoon. „Kan de Synode echter zelve eene voorbereidende inrichting aan onze Theologische School verbinden . . . acht ik verre weg het beste”. Die Sinode was die gedagte simpatiek gesind, maar het selfs Cachet se voorstel van 'n derde klas sertifikaat verwerp en besluit dat die kerk sy eie toelatingseksamen vir die Skool daarstel „vooreerst niet hooger dan waartoe een gewoon onderwijzer onder onze gemeenten iemand brengen kan”. Uit hierdie ideaal om nog 'n voorbereidende inrigting by die skool te stig is duidelik dat die gedagte aan 'n inrigting soos die latere P.U. vir C.H.O. van die begin af gekoester is, maar dat die bepaalde inrigting in 1873 nog nie bestaan het nie. Niemand moet my dus kwalik neem as ek die eeufees van die Teologiese Skool wel, maar dié van die Universiteit nie in 1969 kan

sien nie. Hierdie twee inrigtinge is nie tweelingsusters nie, maar hulle verhouding is nog intiemer. Dit is moeder en dogter. Die embryo waaruit die Universiteit gebore is, het van die begin af in die Teologiese Skool se liggaam gegroei totdat dit uitgestoot is as 'n selfstandige akademiese inrigting vir C.H.O. Die historiese beeld van 'n dogter by die eeufees van haar moeder spreek my sterk aan. Dit sal rewolusie en meer as tradisieskending wees indien die Universiteit in gees of praktyk ooit losgemaak word van die kerk, die skool en die mense wat dit met hulle gebede en skamele middele in die lewe gebring, gekoester en getoog het.

Die volgende belangrike mylpaal is op die Sinode van 1876 bereik toe die predikante van Burgersdorp formeel losgemaak is van die verbintenis aan die skool en 'n Teologiese professor deur die Sinode beroep is en aan die Kuratore opgedra is om 'n professor vir die voorbereidende Litterariese Departement te benoem wat minstens oor 'n B.A.-graad moes beskik. Dit word in vooruitsig gestel dat studente sodoende ook vir die Kaapse B.A.-eksamen opgelei kan word.

Hoe prakties die Afrikaners in die Sinode geoordeel het, blyk uit die feit dat ds. D. Postma teenoor proff. Van Velzen en De Cock van Nederland met groot meerderheid van stemme as professor in die Teologie beroep is. Postma was in die uitslag teleurgesteld omdat hy 'n „verbeterde inrigting aan onze Theologische School” begeer het. Hy het die beroep bedank maar sou tydelik nog ageer. Die Sinode in 1879 het 'n voorstel van oudll. P. Kruger en A. L. Coetsee verwerp, wat slegs uit Afrikaanse predikante wou beroep. Die groslus en oorweldigende meerderheid vir ds. D. Postma, onderstreep egter die feit dat die ouderlinge besluit het dat die teologiese professor iemand uit hulle eie midde moes wees, ongeag die vertoning wat die Skool na buite ook mag maak. Dit onderstreep die positief-Afrikaanse en praktiese benadering wat veral onder die ouderlinge geheers het om besluite te neem wat die karakter en toekoms van die Skool bepaal het.

Ds. D. Postma se eerste kollega in die nuwe bedeling was sy seun Petrus, wat 'n B.A.-graad besit het. Na Petrus het sy broer Marthinus (M.A.) en daarna Stefanus (B.A.) die voorbereidende afdeling met onderskeiding gedien. Al drie hierdie Postma-seuns het egter na enkele jare diens aan die Litterariese Departement die kateder vaarwel gesê en die herderstaf in kerke opgeneem. Na die dood van prof. D. Postma het die Sinode van 1891 ds. M. Postma van Middelburg beroep. Hy het egter op aandrang van sy kerkraad, veral ter wille van die skoolsaak, daarvoor bedank. Ds. Jan Lion Cachet het eers tydelik en na beroep deur die Sinode van 1894 permanent die vakature gevul. Dit is bekend dat hy hom nie net aan die teologie nie, maar aan die geestelike stryd van die Afrikaner in al sy fasette, toegewy het en ook sodanige invloed laat uitgaan het. Mens kan sê dat hy aan die Gereformeerde godsdiens 'n gerigtheid op die totaliteit van Afrikanerskap, bepaal deur godsdiens, nasionaliteit, taal en geskiedenis, gegee het. In hom het die Calvinistiese lewensbenadering van Kuyper 'n natuurlike geesgenoot gehad en sy

bydrae tot kerk, volk en skool in die kritieke periode voor en na die Engelse Oorlog kan moeilik oorskat word. Hy het in 1905 saam met die skool na Potchefstroom verhuis.

Die Litterariese Departement is na die vertrek van S. Postma bedien deur proff. P. C. Snyman en J. A. du Plessis en daarna deur Dirk en Ferdinand, twee seuns van die eertydse prof. en latere ds. Marthinus Postma. Eersgenoemde drie het na enkele jare beroepe na gemeentes opgevolg, terwyl prof. F. Postma bestem was om die ontwikkeling van die Litterariese Departement tot die P.U.K. in 1919 en die selfstandigwording van die Universiteit in 1950, te lei.

Omstreeks 1885 het die Skool besondere hoogtepunte belewe. Kandidaat Stefanus Postma, die eerste student wat die Litterariese Departement vir die Kaapse Universitêre B.A.-graad aangebied het, het met lof geslaag en die hoogste punte daardie jaar in die Kaapse eksamens behaal. Die parlamentslid M. M. Venter, 'n oudleerling van die skool, het in sy gelukwensing gesê dat in staatskringe voortaan deeglik met die skool rekening gehou sou moes word. „Zulk een School als deze geeft een degelijke wetenschappelijke opleiding... en het Christelijk gevoelen... word ook bewaard...”² Ds. M. P. A. Coetsee sê vyf jaar later dat die skool „geen grootsch uiterlijk” het nie, maar getuig „dat wij op het gebied der wetenschap geen conservatisme huldigen, al rekenen wij het ons ook eene eer om, wat de leer der Gereformeerde Kerk en de Godsopenbaring aangaat conservatief te zijn...” Hy sê dat die gemakliker kommunikasie „de vroegere eigenaardige isolatie van ons land” verbreek het en gevolglik het die stroom van die tyd, „de bewegingen en beroeringen der wetenschap” ook tot Suid-Afrika deurgedring. Hierin sal die wetenskap self die beste bestrydingsmiddel wees.³

Dit is moeilik om die presiese invloed te bepaal van die Teologiese Skool op die eerste Albertse Boere Beskermingsvereniging wat in 1879 gestig is om o.a. Hollands as taal in die parlement erken te kry. Die skool met sy nadruk op die Holiandse taal moes die oë geopen het vir die noue saamhang tussen taal en nasionaliteit. Burgersdorp het die inisiatief geneem en die voorbeeld gestel wat ds. S. J. du Toit en andere in die Paarl opgevolg het met 'n georganiseerde politieke party, naamlik die Afrikanerbond. Gestimuleer deur die oorwinning van die Transvalers in die Eerste Vryheidsoorlog het die Afrikaners in die Kolonie sterk begin agitêr en die Parlement het in 1882 besluit dat Hollands in die huis gebesig mag word. Op 'n uitbundige en kleurryke feesviering te Vinkelfontein, die historiese plaas waar die A.B.V.V. in 1879 gestig is, het prof. D. Postma gewys op die dank wat hulle verskuldig is aan „Hare Majesteit ons geëerbiedigde Koningin”, die A.B.V.V. e.a. Ds. P. Postma het die herleefde liefde vir Hollands geroem. Hierdie manne en prof. M. Postma was petisionarisse vir die erkenning van Hollands in die parlement.⁴ Die gedagte aan 'n taalmonument het toe reeds ontstaan, want in De Volksstem⁵ kondig die Afrikanerbondbestuur aan dat hulle die gedagte verdraag omdat Hollands nog nie sy regte ten volle verkry het nie en geld ondertussen ingesamel word. Toe die taalmonument in 1892 met 'n volgende fees

ontvang is, was die professore natuurlik daarby betrokke. Die jingopers het toe andermaal smalend na Burgersdorp as 'n rebelle-dorp verwys.

Waar die professore in 1881 bereid was om petisies aan die Parlement te laat teken vir Hollandse taalregte, wou hulle nie die „vernederende” pad loop om die Bybel in staatskole te vra nie. Hulle bepleit egter die vrywillige beginsel. Skole moet van groepe uitgaan, sodat skole in die godsdienstige heeltemal vry sal wees.*

Teen 1885 word 'n kragtige beweging geloods vir Vrye Christelike Skole, „vry” omdat hulle finansiëel onafhanklik van die staat moes bestaan. Onder die energieke leiding van ds. M. P. A. Coetsee jr. word in Burgersdorp so 'r skool onder hoofonderwyser P. Snyman opgerig en nuwe geboue vir die gimnasium en Teologiese Skool in 1886 betrek. In Middelburg en op ander plekke is ook dergelike skole gestig. Tog kry 'n mens die indruk dat die finansiële laste en kompetisie met die regeringskole die laeronderwysprogram altyd gestrem het. Reeds op die Sinode van 1879 het ds. Cachet rede gehad om te vra of die mense behoefte gevoel aan Kerkskole en of hulle tevrede is met Goewermentskole.† Nietemin verteenwoordig die stryd om die vrywillige beginsel die eerste skote wat nou na buite op die Afrikanerbond en Parlement gevuur word in die stryd teen die by naam genoemde gewetenskousule.‡ Hierdie stryd het die Gereformeerde kamp eers alleen gestry, maar in ons eeu het dit ook buite eie geleedere sterk ondersteuners gekry. Tog het die stryd bygedra dat die S.G.O., Dale, staatsondersteuning aan privaatskole aangebied het. Prof. Postma en ds. Cachet wou dit nie aanvaar nie, maar di. W. J. Snyman, M. Postma e.a. het dit goed geag, indien die skole vrylik hulle godsdienstige karakter kon behou. Hierdie laaste gedagte het op die Algemene Vergadering van die K.K. in 1889 geseëvier.

Wanneer prof. D. Postma aan die einde van sy vyftigste diensjaar in 1890 tot hoër diens opgeroep word, is 'n eerste periode afgesluit. Dit is bekend dat hy nooit vir die Afrikaanse Taalbeweging gevoel het nie, maar 'n sterk voorstander vir Hollands was. Hy het Afrikaans as 'n spreektaal geskik, maar vir amptelike gebruik ongeskik, ondoelmatig en selfs onfatsoenlik geag. Ds. M. P. A. Coetsee jr. van Burgersdorp het sy gewig in 1890 op Stellenbosch ten volle ingewerp by die stigting van 'n Hollandse Taalbond. Ondertussen het ds. Cachet reeds vir 'n tiental of meer jare meegedoen aan die Afrikaansebeweging van ds. S. J. du Toit en andere in die Paarl. Met die eerste Afrikaanse Taalkongres in Januarie 1896 was hy, prof. S. Postma, di. W. J. Snyman, M. Postma en studente J. A. du Plessis en W. Postma teenwoordig. Hier is op Cachet se voorstel besluit tot oprigting van „Ons Klyntji” en breed gesprek oor die toekoms van Afrikaans as skryf- en kerktaal. Die Bybelvertaling moes volgens die Burgersdorpse manne van die kerk self uitgaan. Tereg sê prof. D. H. Cilliers: „Volgens hierdie notule kan ons met reg beweer dat Burgersdorp feitlik die begin, die voortsetting en die end van die eerste Afrikaanse Taalkongres was, en ook die begin van die tweede die jaar daarop”. Hy skryf die sukses van die kongres

hoofsaaklik aan die manne toe.²⁷ Die Here het dan ook uit hierdie ontmoeting en uit die Skool op Burgersdorp aan Suid-Afrika die bekende dr. J. D. du Toit gegee, die siel van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, die vurige stryder vir Christelike Nasionalisme, Bybelvertaler, Psalmberymmer, Teoloog, Onderwysman, Letterkundige, kortom een van sy grootste Afrikaans-gereformeerde seuns.

Uit die voorgaande is duidelik dat die skool wat in 1879 maar nege studente en teen 1898 maar dertig getel het, 'n krag was vir die behoud van gereformeerde geloof teen die gety van Liberalisme, 'n kragentrale vir die stimulering van Afrikaanse nasionalisme vanweë sy nadruk op taal en vaderlandse geskiedenis en 'n vesting vir die vorming van Afrikaans-gereformeerde manne deur middel van sy komprehensiewe benadering van godsdiens, kultuur, nasionaliteit en onderwys. Tog is dit ewe duidelik dat die Skool in sy ontwikkeling al sterker suidelik op die standaard van die Kaapse Universiteit georiënteer geraak het en toegespits was op die stryd van die Afrikaner in die Kaapkolonie. Engels het dan ook onder Gereformeerdes en selfs onder die studente baie meer mode geword as wat die strydere vir Hollands en Afrikaans dalk self sou wou toegee. 'n Sekere W. Rypma van Standerton het die Korps Veritas tynct in 1895 dan ook in De Kerkblad gestriem oor hulle skynbare twyfel oor die erns waarmee daar uit Transvaal teen oorheersing van Engels gewaarsku word.

Vanaf 1893 begin verskillende Transvalers soos W. S. Lampen, J. Bergmans, oudl. G. P. Roos, H. B. K. Hermann, oudl. Van Rijsse en veral ds. Ph. S. Snyman in De Maandbode en Het Kerkblad aantoon dat die Teologiese Skool vanweë sy Engels-Koloniale inslag en sy ligging vir die studente van die Republieke ontoeganklik is. Ondertussen het deur bemiddeling van Pres. Kruger 'n Staatsgimnasium op Hollandse model met 'n Gereformeerde rektor in Pretoria verrys. Die Sinode van 1894 moes reeds ernstig oorweging skenk aan die moontlikheid om die Skool na Pretoria oor te plaas, maar die konkurensie wat tussen die Litterariese Departement en die Staatsgimnasium sou ontstaan, het dit verydel. Ds. Ph. Snyman het toe al gepleit dat die Litterariese Departement van die Teologiese Skool moet afskei om as 'n selfstandige inrigting die Kaapkolonie te dien.²⁸ Die Teologiese Skool kon dan na Pretoria oorgeplaas word.

Om een of ander rede het Burgersdorp nie sterk geagiteer vir die behoud van die Teologiese Skool nie, waarskynlik omdat gebrek aan ruimte en koste aan die geboue die skool in Burgersdorp gestrem het. Teen 1897 was Steynsburg en Middelburg en ook weer Rustenburg in die veld met goeie aanbiedinge, mits die skool daarheen verplaas sou word. Die Transvalers het aangevoel dat verplasing na eersgenoemde twee dorpe net 'n ander plek, maar geen verskil in nasionale rigting sou maak nie.

Onderwyl die verplasing nog hangende was en die skool byna op Grootfontein volgens 'n aanbieding van ds. L. P. Vorster (800 morge teen £3 per morg) geplaas is, het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek. Prof. J. L. Cachet, ds. L. P. Vorster en teologiese student W. J. de Klerk is vir korter en langer tye op aanklagte van hoog-

verraad in die tronk opgesluit en De Klerk is uit die distrik verban. Die nasionale simpatie van Burgersdorp met die Noorde blyk nie net uit die offers wat studente op die slagveld gebring het nie, maar ook uit die blokhuse wat die Engelse in dié tyd rondom die dorp gebou het. Hier waar die Teologiese Skool gestaan het, was reeds 'n hegte en diepgaande lotsgemeenskap en gevoel van volkseenheid met die Afrikaners van die Noorde gewortel.

Op die Sinode van 1904 moes die verplasing al dan nie van die skool afgehandel word. Teenoor die reeds bestaande voorstelle het dr. J. D. du Toit, die jong predikant van Potchefstroom plotseling 'n aanbod gemaak om die skool daarheen te bring. Die Transvaalse gemeentes bied meer as £3,000 aan en 'n keuse tussen gronde geskenk deur die kerkraad, die stadsraad en die Landbousindikaat. Die Sinode het met besliste meerderheid die aanbod van Potchefstroom teenoor die van Steynsburg aanvaar. Met die verplasing van die Skool in 1905 is die eerste tydvak in die geskiedenis van die Teologiese Skool met sy Voorbereidende Afdeling in die Kaapkolonie afgeloop.

Ten besluite wil ons dan net opmerk dat die waarde van die Teologiese Skool in Burgersdorp nie primêr gesoek moet word in 'n eie akademiese teologiese bydrae nie. Sy waarde lê in die manne wat hy opgelei het as Gereformeerde predikante en ook vir ander beroepe. Van sy grootste waarde was die skool hom skaars bewus, naamlik die innerlike gees en roepingsbewustheid waarmee hy mense besiel het om in gehoorsaamheid aan God as diensknegte vir God te arbei op elke lewensterrein. Die gees het soos suurdeeg deurgewerk op plekke en terreine waar hulle gestaan het. So het juis die skool ook die gevoel van selfbehoud en die nasiebewussyn in die Kaapkolonie gekweek en gevoed. Die skool het in die geïsoleerde omstreke van Burgersdorp 'n vesting gevorm waarin die Afrikaans-Gereformeerde erfenis bewaar kon word teen die godsdienstige en kulturele aanslag van die negentiende eeu. In 'n tyd toe dit mode was om verlig te raak en daarmee die eie en die gereformeerde oorboord te gooi, het die skool sy bydrae gelewer vir die bewaring van die eie in die Kolonie en die kweking van 'n nasionale eenheidsgevoel met die Noorde. Daar kon toe nog, soos op die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie in 1894, onbewimpeld gespreek word van hulle verlange na „Gereformeerde onderwys”, 'n baie sterker geformuleerde beginsel as „Christelike” of selfs „Calvinistiese”. Laasgenoemde begrip het na die Doleansie van Kuyper in ons kringe na vore getree en gaan m.i. mank aan die besware teen enige -isme. Tereg het D. H. Cilliers opgemerk dat by die Gereformeerde stryd „godsdien, taal, geskiedenis en nasionaliteit slegs die verskillende maar nou samehangende vertakkinge vorm van die één groot beginsel van Afrikaner-wees in die volste sin van die woord...”²

Die kerk- en volksman dr. J. D. Kestell sê: Die Gereformeerde Kerk het groot invloed in Suid-Afrika uitgeoefen... ook daarbuite op die maatskappy in die algemeen. Veel het dit vir die opvoeding gedoen... Met die neutrale skool het die Geref. Kerk nooit vrede gehad nie.” Die redakteur van „Die Volksblad” sê in 1934: „Dop-

perisme (is)... sinoniem met alles wat eg Afrikaans-nasionaal is. Dit is sinoniem met onwrikbare volkstrou en vaderlandsliefde... Dit is hierom dat ons die Gereformeerdes op die voorpunt vind in alle bewegings waarin die behoud van die Afrikanerdom geleë is... " "

B. Spoelstra.

(Gelewer tydens die Streekfees van die Part. Sinode Kaapland en S.W.A., te Burgersdorp, 5 April 1969).

AANTEKENINGE

- 1 C.O. 809, Scriba Synodi aan P. E. Woodhouse, 9.11.63.
- 2 22.1.1867.
- 3 C.O. 6010, Y 37, 35.
- 4 C.O. 6007, JJ 42.
- 5 Die Doppers in Suid-Afrika 1760—1899.
- 6 Vgl. skrywe Sin. Komm. 25.5.58; Van Andel aan Sin. Komm. 21.8.57; Las-brief van Postma, 26.3.58, ens.
- 7 Postma aan N.G. Gemeente Pietermaritzburg, 27.9.58.
- 8 18.9.58.
- 9 27.9.58.
- 10 Art. 15, Postma-Kerkorde.
- 11 The Colesberg Advertiser 13.5.62, h.a. De Volksvriend.
- 12 SS 61, R 1084/64.
- 13 VN 24.2.65, p. 75.
- 14 6.9.64.
- 15 Gedenkboek van het Vijftigjarige bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika 1859—1909, p. 107.
- 16 19.2.67.
- 17 Sin. Acta 1869, art. 77; Rektorsrede, De Maandbode 1.1.84.
- 18 De Maandbode 1.2.93.
- 19 Acta 1873, art. 69.
- 20 De Maandbode 1.11.85.
- 21 Vier Gelegenheidsredevoeringen 12.7.90.
- 22 De Maandbode 1.4.81.
- 23 De Volksstem 18.9.83.
- 24 De Maandbode 1.4.81.
- 25 Sin. Acta 1879, art. 17.
- 26 Vgl. De Maandbode 1.10.86, M. P. A. Coetzee jr. tydens ingebruikneming van nuwe Teol. Skool- en V.C. Skoolgebou.
- 27 Albert se aandeel in die Afrikaanse Beweging tot 1900, ongepubliseerd.
- 28 Het Kerkblad 1.1.1895.
- 29 Die Geskiedenis van die Chr. Nas. Onderwys in Kaapland tot 1900. M.Ed verhandeling, Bloemfontein, ongepubliseer, p. 206.
- 30 D. H. Cilliers, h.a. Die Kerkblad 7.2.1934.
- 31 Ibid.